



Maatjie - moeilikheid!

Ouers is hul kinders se primêre opvoeders, ook wat die kinders se verhouding met maats betref. Wanneer daar probleme met maatjies opduik – wat klaarblyklik onvermydelik is – moet hierdie ouers weet hoe om te help, en wanneer om terug te staan. DEUR RENÉ BADENHORST

Probleme met maats is vir die meeste kinders 'n baie teer saak; sulke vriendskappe word met verloop van jare vir hulle al hoe belangriker. Terselfdertyd word hul sosiale vaardighede al hoe meer getoets, en veral sake soos selfbeheersing, onderhandelingsvaardighede en konflikthantering kom onder die loop. Hier is 'n gesonde selfbeeld van groot belang.

Vanselfsprekend het die ouers groot belang hierby en wanneer daar probleme met maats is, moet ouers probeer om 'n balans te vind tussen die sogenaamde "helikopter-ouerskap" en 'n ongesonde en ongewenste onbetrokkenheid.

Een ding staan vas: "Geen kind behoort alleen gelaat te word om sy of haar eie weg deur pynlike konflik te probeer vind nie," sê die berader en skrywer **Signe**

Whitson. "Kinders het hul ouers se ondersteuning en insig nodig om in hierdie onstuimigheid kop bo water te hou."

'n Ware vriend ...

Wanneer kinders verstaan hoe 'n gesonde vriendskap lyk, is hulle die beste toegerus om self 'n goeie vriend te wees én om hulle aan ongesonde vriendskappe te onttrek. Hier is 'n klompie maniere waarop



ouers kan help:

- "Begin by die basiese," sê **Yolanda Huijsamer** van die Paarl, 'n maatskaplike werker en speltherapie-spesialis. "Leer jou kind hoe om 'n potensiële maat te groet. Dit mag dalk voor die hand liggend klink, maar kinders wat skaam is, kan angstig raak as hulle aan sosiale interaksie blootgestel word. Gebruik rolspel en oefen saam met jou kind hoe om mense te groet. Lê klem op oogkontak, 'n warm glimlag en om hard genoeg te praat sodat die ander persoon jou kan hoor.

- "Laat jou kinders dan oefen om hulle self voor te stel en om die ander persoon se naam te vra. Daarna kan hulle 'n vraag vra en belangstellend luister. Hulle kan dan

die maatjie(s) nooi om saam met hulle te speel of om bloot langs hulle te kom sit."

- **Signe** sê: "Voer gesprekke met jou kind – sommer wanneer julle saam eet of iewers heen ry – oor wat 'n mens van 'n ware vriend verwag. Begin byvoorbeeld met: "n Ware vriend is iemand wat ..." – en laat jou kind dan die sin voltooi.

"Help hulle om begrippe te verwoord wat eienskappe soos vriendelikheid, mededeelsaamheid en vergifnis insluit. En om jou beurt af te wag, komplimente te gee, ander mense in te sluit en vir hulle om te gee, vir ander in die bres te tree, pret is om by te wees, en iemand te wees saam met wie 'n mens graag dinge wil doen."

- **Lomé Cronjé** van Durban, 'n opleier in doeltreffende ouerskapleiding, stel voor dat ouers na Galasiërs 5:22 se vrug van die Gees kyk, en waardes soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing beklemtoon.

Sy voeg by: "Dit is wel baie belangrik dat ons kinders moet verstaan dat niemand foutloos is nie, en dat daar selfs in ons beste en naaste verhoudings verskille kan wees en seerkry kan voorkom. Hierdie bewusmaking skep ruimte om ander te aanvaar soos hulle is, én vir jou kinders om spontaan en natuurlik op te tree. Leer jou kinders hoe belangrik dit is om verskoning te vra en om te vergewe, en hoe God verhoudings genees."

Maatjie-moeilikheid #1: beledigings

Hoe help 'n mens jou laerskoolkind wanneer haar maats haar lelike dinge toesnou oor, byvoorbeeld, haar voorkoms? Of wanneer hulle haar manipuleer om net volgens húl reëls te speel?

"Luister na jou kind!" sê Lomé. "Verseker haar van jou ondersteuning en onvoorwaardelike liefde. Sê dinge soos: 'Dit is oukei om emosies soos hartseer en vrees te beleef, maar ons kan kies wat om met hierdie emosies te maak. Ons kan byvoorbeeld kies om kwaad te word, of nie.'

"Wanneer ander kinders jou kind se voorkoms of kleredrag kritiseer, verklap dit gewoonlik iets van daardie maats se eie stryd om selfaanvaarding of aanvaarding

deur haar vriende of familie. Help jou kind om die gemene kritiek in daardie konteks te verstaan.

"Fokus op jou kind se sterkpunte en goeie eienskappe. En op dit wat verdere aandag verdien. Maak ook seker dat dit wat gebeur het nie dalk vir jou, die ouer, méér pla as vir jou kind nie. Onthou dat jou kind in haar grootwordjare gevorm word om sterk genoeg te wees om soortgelyke situasies as volwassene te kan hanteer."

Yolanda sê: "Wees egter ook op jou hoede wanneer jou kind die slagoffer van beledigings word. Sulke soort optrede mag grens aan boelie-gedrag. Kinders wat hul mag misbruik om ander kinders herhaaldelik en met opset seer te maak, te verneder of uit te sluit, is presies dit – boelies.

"Leer jou kind dat haar reaksie op 'n beledigende aanmerking grootliks bepaal wat verder gaan gebeur. Vir die boelie(s) gaan dit oor mag, en oor wen en verloor. En as hierdie magstryd beëindig word, sal die maatjie nie weer terugkom om jou kind af te kraak of te verkleineer nie. Gee opregte, positiewe raad, soos die volgende:

- Wees selfgeldend en ferm.
- Moenie wys dat dit jou ontstel nie, want die boelie is op die uitkyk vir enige sodanige reaksie.
- Probeer om die belediging in 'n grap te omskep.
- Onthou dat boelies nie so dapper is wanneer hulle alleen is nie.
- Stap eerder weg indien jou emosies jou wil oorweldig.

Maatjie-moeilikheid #2: negatiewe invloed

Hoe maak 'n mens as jou laerskoolkind maats het wat hom negatief beïnvloed?

Yolanda sê: "Tydens hierdie ontwikkelingsfase is die kind se sosiale reputasie van groot belang. Hy ondergaan 'n proses van identiteitsvorming, en nou is hy besig om hom voortdurend met ander te vergelyk. Sy gedrag word grootliks gerig deur die begeerte dat ander van hom sal hou."

Lomé voeg by: "Wanneer kinders anders begin optree as wat julle hulle leer, >



is dit noodsaaklik om met hulle te praat oor waardes en optrede wat aanvaarbaar is en dit wat nie in jul huis aanvaarbaar is nie. Op hierdie wyse word waardes vasgelê.

"Dit is egter noodsaaklik dat sulke gesprekke moet plaasvind wanneer ouer én kind kalm is, en wanneer hulle gereed is om na mekaar te luister. In sommige gevalle kan dit ook raadsaam wees om jou kind se sosiale aktiwiteite te monitor, sonder om óórbetrokke te raak."

Maatjie-moeilikheid #3: ingryp of terugstaan?

Op watter stadium moet 'n mens jou kind los om haar probleme met maatjies self te hanteer?

"Dit hang hoofsaaklik saam met die erns van die probleem," sê Lomé. "Ons wil tog eintlik graag sien dat ons kinders die nodige kommunikasievaardighede aanleer om sterker te word, sodat hulle hul probleme self kan hanteer."

Hiermee is Yolanda dit eens. "Ouers moet altyd na balans streef," sê sy, "en nie te veel verantwoordelikheid op hulleself laai deur té gou in te gryp en bepaalde take namens hul kind te wil doen nie. 'n

Goeie selfbeeld en 'n gesonde sin vir self-waarde ontwikkel onder andere ook uit die bemeestering van onaangename take.

"Indien kinders egter erg sukkel, kan ouers hulle daarop toelê om die kinders te leer om hulle te handhaaf en om veerkragtig genoeg te wees om terug te bons ná negatiewe opmerkings. En om emosioneel sterk genoeg te wees om eie swakpunte te verstaan, om gevoelens te identifiseer en te verstaan.

"Leer jou kinders om te kies – nie met hul emosies nie, maar met hul verstand – om nie ontsteld te raak oor alles wat maats sê nie.

"Onthou ook dat wanneer ouers op hul kinders se behoeftes en emosies fokus, daardie kinders altyd geborge in die ouer-kind-verhouding sal voel. Wanneer kinders beleef dat hul ouers hul behoeftes raaksien en ernstig opneem, ontwikkel hulle 'n soort basiese vertroue. Dit maak dit vir hulle moontlik om te waag – in ander verhoudings sowel as in gewone vriendskappe."

Wanneer ouers alles moontlik gedoen het om hul kind te ondersteun, maar hulle bly steeds bekommerd oor die kind se emosionele welstand, moet hulle liefs

professionele hulp soek. Die volgende aanduidings verklap dalk dat jou kind by terapie kan baat vind:

- Die kind toon geen belangstelling in vriendskappe nie.
- Die kind ervaar langdurige angstigheid en hartseer.
- Die kind se gedrag verskil drasties van kinders in dieselfde ontwikkelingsfase.
- Die kind is 'n slagoffer van 'n traumatiese gebeurtenis – byvoorbeeld egskeiding, die verlies van 'n geliefde, die ontwrigting van huislike omstandighede, en veral ook misbruik in een of ander gestalte.
- Die kind openbaar erge aggressiewe gedrag teenoor die ouer en/of ander mense.
- Dit lyk asof die kind hom of haar meestal aan die omgewing onttrek.

KONTAK ONS KENNERS

- Yolanda Huijsamer kan by 084 302 1608 of yolanda@hopeatwork.co.za gekontak word of besoek www.hopeatwork.co.za
- Lomé Cronjé kan by lome@parents.co.za gekontak word of besoek www.parents.co.za

BRONNE

- <https://www.thebettermom.com/blog/2014/08/03/helping-your-child-build-friendship?rq=friend>
- https://www.huffingtonpost.com/signewhitson/how-to-help-girls-cope-wi_b_6456546.html